

5 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 112
Fokusgedeelte: Psalm 112:3, 4

Geseënd om tot seën te wees

Dit gaan goed met die mens wat in die lig van God se Woord wandel, wat deur God se genade vryspraak gevind het deur die soenverdienste van Jesus Christus. Sy sonde word hom nie meer toegereken nie. Hy leef vreugdevol in dankbaarheid uit die barmhartigheid, genade en regverdigheid van God wat in liefde op hom neersien. Sy lewe is 'n lewe van lig, omdat die duister van die sonde in wese weggeneem is. Nou laat hy hierdie lig van God uitstraal in die lewe waar hy kom of gaan, met wie hy ook in aanraking kom en praat. Sy hele lewe straal lig uit, want hy glo in die Lig van die wêreld, Jesus Christus, en hy wandel in die lig van God se Woord. Deur die werk van die Heilige Gees is sy lewe-in-die-lig nou ook 'n lewe van genade, barmhartigheid en geregtigheid soos hy dit uit die hand van sy Vader ontvang het. Hy betoon genade aan elkeen in nood.

Om genadig te wees, is om in die gees langs die een in nood te gaan staan en te sê: "In die Naam van Hom wat my genadig is, kom, ek help jou." So straal hy die lig van Christus se verlossing uit. Weens sy barmhartigheid is hy aan alle mense bekend as 'n omgeemens:

- 'n Mens wat met groot ontferming uitreik na ander en omsien na die welstand van 'n ander.
- Waar hy kan help, steek hy die helpende hand uit sonder om om te gee of moeg te word daarvoor.
- Onreg verdra hy nie.
- Hy is altyd aan die kant van hulle aan wie onreg gedoen word.
- Hy is 'n stryder vir die reg waar hy ook al gaan, vir sy eie wandel en optrede sowel as wat ander betref.

Wat 'n ligstraal is sy lewe dan nie in hierdie wêreld van onreg, seerkry en swaarkry nie! Die ware gelowige is 'n geseënde om in sy lewe tot seën te wees! In die Naam van God, deur die verlossing in Christus en deur die werk van die Heilige Gees woon hierdie gesindhede reeds in beginsel in die ware gelowige.

Begin in jou eie lewe om biddend hierdie lig van God se verlossing uit te straal in die duister sondewêreld waarin jy leef.

Sing: Psalm 89:1 (1936)

Ds. AJ Coetsee (Emeritus)